



BEGELEIDING VAN GEESTELIKE LEIERS WAT GOD SE KUDDE VERSORG

JUNIE 2014 Nr 44

Volgende uitgawe verskyn 21 Julie 2014

IN DIE SKADU VAN 'N "SHEPHERD'S TREE"

Ek luister na Sy Stem

In 'n sekere sin was dit altyd moeilik om vir my kinders te verduidelik wat 'n dominee se werk nou eintlik is. Hulle het my gesien preek en geweet ek besoek mense. 'n Vae besef dat pa vir ander mense verantwoordelik is. In my eie denke het ek gedink ek bestuur 'n gemeente.

Wanneer ek nou terugdink, besef ek dat dit presies is wat ek gedoen het. Dit was ook die veiligste. Dit was tasbaar. Ek het vergaderings gehou en gekyk dat die besluite op die notule uitgevoer word. By die kerkkantoor ingeloer, selfs die bankstate weekliks gekontroleer en 'n uitgewerkte stel doelwitte vir huisbesoek, preektemas, jaarprogram, ensovoorts, gehad. Tussendeur was daar die pastorale nood van lidmate wat ek een vir een geduldig hanteer het en, soms nie só geduldig nie. Ek was die bestuurder wat moes sorg dat alles vlot verloop. Ek het hard gewerk, verslag gedoen en my werkgever, die kerkraad, was tevrede.

Die vraag het egter altyd in my agterkop gebly: Wat is die unieke bydrae wat ek met my opleiding, roeping en vaardighede bring? Is bogenoemde regtig waarvoor die kerkraad my betaal? Op 'n dag het een van my kinders gevra of dominees nêr die *Bybel* so baie moet lees? Ek was gereed om te verduidelik dat dominees ook baie *ander* boeke moet lees. Die vraag het iets in my wakker gemaak.

Dit is mos waarvoor ek in diens van hierdie gemeente is! Ek is die een met die tyd en motivering om na God se stem te luister. Hoe meer en beter ek dit doen, hoe beter kan ek Sondae vir Sy kinders sê: "So sê die Here." Hóé beter ook my insig en wysheid in my pastorale versorging van Sy kinders.

My kinders is nou volwasse. Vandag vertel ek graag vir hulle dat 'n dominee se werk is om by die voete van die Here te sit. Hy doen dit deur tekste te lees – tekste van die Bybel, tekste oor die Bybel, tekste van sy konteks. Dan praat hy met die Here, gereeld en lank, op sy knieë. Daarna versorg hy siele, (alias Eugene Peterson) en dan is daar eintlik nie meer tyd oor om 'n gemeente te bestuur nie – dit los hy vir die bestuurders – waarvan daar gewoonlik heelwat in elke gemeente is.

Tot ons volgende saamsit in Sy koelte...
Gerhard Botha



VBO-VOETPAD

SERTIFIKAAT IN BEDIENINGSVERNUWING 2014:

Ons het verskeie versoekte ontvang van persone vir wie dit nie moontlik is om by die eerste blok in te skakel nie, maar wel by die tweede. Daarom gee ons geleentheid vir persone om steeds vir die Sertifikaat in Bedieningsvernuwing in te skryf. Alhoewel dit die gewenste is om die blokke opeenvolgend te doen, behoort dit vir volwasse leerders geen probleem te bied nie.

VBO-punte: 20 per module

Registrasie vir Module 2 is nou oop: SMS D25674, u naam en e-posadres na 31029

Sodra ons u naam ontvang het, stuur ons vir u die registrasiebesonderhede.

Nege modules oor 3 jaar versprei:

Jaar 1: 2014

Module 2:

15 – 17 Sept

Aanbieder: Prof Kobus Schoeman

Oor Gemeentes – deel van die probleem of deel van die antwoord?

Module 3:

17 – 19 Nov

(Datum gaan dalk vroeër skuif)

Aanbieder: Prof Rian Venter

Oor God – die Drie-enige God, Missio Dei en die plot van die Evangelie

WOENSDAG 3 SEPTEMBER 2014: DR RICHARD BLACKBAY IN BLOEMFONTEIN

Plek: NG Gemeente Pellissier - Vlakfonteinlaan 6, Pellissier

Tyd: 10:30 – 15:30

Koste: R150pp - betaalbaar by Pellissier

VBO-punte: 5

Registrasie: SMS D26166, u naam en e-posadres na 31029

FRESH EXPRESSIONS:

Shepherd is in vennootskap met *Communitas*, by bogenoemde betrokke. Die lesingsreeks sal vanaf 2015 deur *Shepherd* aangebied word. Daar is 'n eerste opleidingsgeleentheid gedurende Oktober. Ons voorsien u van al die tersaaklike inligting sodra dit gefinaliseer is.

WINTERWEEK 2014: Weens verskeie redes het die VBO-Komitee vir *Shepherd* versoek om nie met 2014 se Winterweek voort te gaan nie. Ons ontvang baie navrae in hierdie verband en vra verskoning vir enige ongerief.



Like ons op Facebook:
Shepherd Centre UFS

NB: Die nuutste VBO-inligting word ook op Facebook geplaas.